110. F5.2 TWEEDE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE REGSKOMMISSIE

G HANDELINGE VAN DIE SINODE

1.8 Kennis geneem

**111. F3.1 EERSTE VERSLAG
VAN DIE TYDELIKE
KOMMISSIE VIR FONDSE**

6. Kennis geneem

**112. A2 VERSLAG VAN DIE
SINODALE KOMMISSIE
(VERVOLG) P 25**

2.17 GELOOFSGELOFTE-OFFERS
2.17.1 - 2.17.4 Goedgekeur

**113. F5.2 TWEEDE VERSLAG
VAN DIE TYDELIKE REGS-
KOMMISSIE**

1.1 Goedgekeur

**114. F3.1 EERSTE VERSLAG
VAN DIE TYDELIKE
KOMMISSIE VIR FONDSE**

1. Goedgekeur

**115. F5.2 TWEEDE VERSLAG
VAN DIE TYDELIKE REGS-
KOMMISSIE**

4. PROPONENTE AS PREDIKANTE BEVESTIG
Kennis geneem

**116. F6 VERSLAG: TYDELIKE
KOMMISSIE REISKOSTE EN
VERBLYF**

Goedgekeur

**117. F1 TYDELIKE KOMMISSIE
VIR ALGEMENE SAKE**

GEEN VERSLAG

**118. F7 TYDELIKE KOMMISSIE
VIR SKAKELING**

GEEN VERSLAG

**119. PERSVERKLARING:
KERKHERENIGING**

Die voorsitter lees die persverklaring oor Kerkhereniging, wat deur die moderatuur opgestel is, aan die vergadering voor.

**120. E4 ALGEMENE SAKE VAN
DIE ALGEMENE SINODE**

Kennis geneem

VOORSTEL 13

Op die Buitengewone Sinode in 2002 is besluit dat die volgende gewone vergadering van die sinode weer moet besin oor die 75% kapitaliserings-persentasie op sinodale beleggings. Hierdie saak is nog nie hanteer nie en die sinode besluit om volmag aan die Sinodale Kommissie te verleen ten einde die aangeleentheid af te handel.

(Di CH van Heerden / DF Oelofse)

Goedgekeur

VOORSTEL 14

Die sinode besluit dat die (goedgekeurde) verslae wat as werksdokumente na gemeentes deurgestuur / verwys is, op laserskyf of ander elektroniese wyse vir gemeentes beskikbaar gestel word (moontlik tesame met die ander elektroniese aanbiedinge wat tydens die sinode gelewer is).

(Ds G Bredenkamp / Oudl UQ Swart)

Goedgekeur

121. NOTULE: WOENSDAG

Dr A Oliphant hanteer die notule.

Die notule word met enkele wysigings goedgekeur.

**122. F8.1 EERSTE VERSLAG
VAN DIE LUISTERSPAN**

Kennis geneem

**123. F8.2 TWEEDE VERSLAG
VAN DIE LUISTERSPAN**

AANBEVELINGS

1. Goedgekeur
2. Goedgekeur
3. Goedgekeur

**124. F4 VERSLAG VAN DIE
TYDELIKE KOMMISSIE VIR
KOMMISSIES**

1. SINODALE KOMMISSIE

Goedgekeur

**2. DAGBESTUUR VAN DIE SINODALE KOM-
MISSIE**

Goedgekeur

3. SINODALE REGSKOMMISSIE

Goedgekeur

**4. SINODALE KOMMISSIE VIR DIENSVER-
HOUDINGE**

Goedgekeur

**5. SINODALE VERTEENWOORDIGERS NA DIE
ALGEMENE SINODE**

Goedgekeur

**6. VERTEENWOORDIGERS OP DIE
KURATORIA TEOLOGIESE FAKULTEITE**

Goedgekeur

**7. VERTEENWOORDIGERS OP DIE BYBEL-
GENOOTSKAP**

Goedgekeur

**8. VERTEENWOORDIGER OP DIE
BEHEERRAAD CHRISTELIKE
LEKTUURFONDS**

Goedgekeur

**9. VERTEENWOORDIGER OP DIE STREEK-
KOMITEE VCSV**

Goedgekeur

**10. VERTEENWOORDIGER OP DIE
ARGIEFKOM-MISSIE**

Goedgekeur

11. KOMMISSIE IN MEMORIAM

Goedgekeur

**12. VERTEENWOORDIGER VIR ALGEMENE
KERKLIKE MEDIA**

Kennis geneem

**13. VERTEENWOORDIGERS OP ALGEMENE
SINODALE KOMMISSIE**

Goedgekeur

**14. VERTEENWOORDIGERS OP ALGEMENE
KOMMISSIE VIR FONDSE**

Goedgekeur

**15. VERTEENWOORDIGERS OP DIE RAAD
VAN TRUSTEES VAN DIE PENSIOENFONDS**

Goedgekeur

**16. NETWERKE VIR NAVORSING EN BEGE-
LEIDING**

16.1 - 16.2 Kennis geneem

16.3 Goedgekeur

125. AANKONDINGS

Gelukwense is ontvang van die Sinode van Suid-Transvaal met die verkiesing van die leraars tot die moderatuur.

Met dank kennis geneem

126. PERSONEEL

Diak SM Johnson (P.E.-Sentraal) (sek) sluit by die vergadering aan vanaf 8:30 op 23 Oktober in die plek van oudl JJ van Zyl.

Diaken (me) D van der Merwe (Kraggakamma) (sek) verskyn ter vergadering in die plek van oudl JL Venter.

Verskonings:

Dr (prof) PJ Naudé (Kensington) vir die oggendsitting 23 Oktober.

Oudl BS Lemmer, Oudl JA Owen, di PL Moolman en AP Coetzee (Oos-Londen-Noord) vanaf 11:30 op 23 Oktober.

Oudl CJ Stroebel (Sondagsrivier) vanaf oggendtee op 23 Oktober.

Ds IJ van Zyl (Swartkopsrivier) vir 23 Oktober.

Ds B Peters (P.E.-Oos) vanaf oggendtee op 23 Oktober.

127. BEDANKINGS

Die assessor bedank 'n aantal persone wat betrokke was by die organisering van die sinode.

Hy bedank die voorsitter in die besonder vir die bekwame wyse waarop hy die vergadering gelei het.

128. AFSLUITING

Die afsluiting word waargeneem deur dr ACV van Wyk en ds BIC Steyn.

Die vergadering verdaag om 13:27.

H1 OPENINGSREDE - PROF PJ NAUDÉ - 20 OKTOBER 2003

GOD GEE TEKENS OM ONS TE HELP

Ons glo dat ons goeie God, omdat Hy rekening hou met ons stompsinnigheid en ons swakheid, die sakramente vir ons ingestel het... (Nederlandse Geloofsbelydenis)

Die Nagmaal as aansit-tafel

God weet dat ons sukkel om te glo. Daarom gee Hy telkens sigbare tekens om ons te help. Dit was van die begin af so:

Toe Noag na 40 dae van waterverwoesting op land tree, gee God die reënboog dat Noag en die aarde kan weet: God se beloftewoord is waar.

Toe Moses hakkellende met God stry oor sy rol in die uittog, gee God 'n kiere dat Moses kan weet God sal saam met hom na die farao gaan.

Toe die volk in die woestyn trek en onseker raak, gee God vuur- en wolkkolomme dat hulle sou weet "Ek is wat Ek is" sal hulle nie aan hulleself oorlaat nie.

Toe die volk "in groot duisternis wandel", gee God 'n teken aan die herders in Betlehem dat hulle 'n Kind in die krip sou vind. Dan sou hulle weet dat God Israel nie vergeet het nie.

Toe Johannes die Doper vra of Jesus werklik die Messias is, stuur Jesus die boodskap terug tronk toe: Vertel vir Johannes watter tekens julle sien: Die evangelie word aan armes gebring; blindes word siende, siekes word genees...

Toe die eerste dissipels onseker en bang is oor Jesus sou weggaan, bemoedig Hy hulle om in Jerusalem te bly: Die tekens van wind en vuur en tale is die versekering dat Hy hulle inderdaad nie as wese agterlaat nie.

Toe die kerk later besluit om sekere spesifieke tekens as heilig uit te sonder, het die Gereformeerdes op twee besluit: doop (water) en nagmaal (brood en wyn). Soos die NGB sê, is dit om ons "stompe sinne", ons slegte waarnemingsvermoë, en ons swak geloof te hulp te kom.

Die Nagmaal is dus vir twyfelaars en sukkel-om-te-glo mense. . Dis vir dominees en kerkraadslede wat suf is en nie meer die bediening die moeite werd ag nie. Dis vir mense wat oor God en Sy bestaan en versorging wonder. Dus is die tafel 'n uitnodiging om aan te sit as jy nie meer seker is nie. Dis 'n aansit-tafel om geloofsmoed en waarneming van God te herstel.

Die Nagmaal as uitstuur-tafel

Maar dis ook 'n uitstuur-tafel. Telkens na die tekens, word die geloof herstel en volg die dae van geloof. Noag plant 'n wingerd, Moses konfronteer die farao, die volk trek voort, die herders bring hulde, Johannes glo en word die liefliedissipel, Petrus kry nuwe moed en preek met oortuiging...

Die kerk het dit ook altyd so verstaan. Daarom se die formulier van die diakens dat hulle dienswerk by die Nagmaal begin en vandaar uitkring in die wêreld om diegene in nood by te staan. Deur bloot kerk te wees, maak ons 'n verskil aan die wêreld. Hierdie sinode het homself verlede jaar aan die oud-kerklike belydenis oor die kerk verbind:

Ons eenheid, bevestig deur die een brood, maak versoening in die wêreld moontlik.

Ons heiligheid, bevestig deur die wyn, maak die uitleef van gesonde waardes moontlik.

Ons katolesiteit, bevestig deur die universele geloofsgemeenskap, maak uitreik met die evangelie moontlik.

Ons Christelikheid, bevestig deur ons herinnering aan Christus, maak ons diens aan die swakkeres en uitgestotenes moontlik.

Die vraag wat voor die Oos-Kaapse sinode lê, is eenvoudig: As God ons vanaand in ons geloof bevestig – en Hy doen mos wat Hy belowe – watter verskil gaan ons aan ons provinsie maak? Waarom is ons juis hier – in die tweede armstes streek van Suid-Afrika – 'n uiters bevoorregte kerk?

Laat ons dan nie aan ons bestaan as middelklas-kerk vashou as iets waaraan ons moet kleef nie; Nee, laat die gesindheid van Christus in ons wees. Laat ons onself weggee as slawekerk deur aan die geringstes gelyk te word. Dan sal mense ons werke sien. En elke knie sal buig, en elke tong bely dat Hy inderdaad die Here is.

**H2 GROETEBOODSKAP NAMENS DIE VGK - DS LL PLAATJIES
(ASSESSOR) - 20 OKTOBER 2003**

Groete aan die NG Kerk in Oos-Kaapland van die Sinode van die VGK Kaapland.

Weleerwaarde Heer, lede van die Moderatuur, leraars teenwoordig en afgevaardigdes.
Dis vir my 'n besondere voorreg om 'n groeteboodskap oor te dra namens die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika, Streeksinode Kaapland.

U sinodale vergadering vind plaas op 'n baie interessante tyd in die geskiedenis van die Kerk in Suid-Afrika, 'n tyd vak waar die soeke na kerkeenheid binne die familie van Nederduitse Gereformeerde Kerke al groter en groter word.

Mag hierdie sitting die geboorteplek wees van die nuwe Herenigde Kerk

Die Kerk in die Oos-Kaap staar vele uitdagings in die gesig soos onder andere ARMOEDE, GEWELD, WERKLOOSHEID, MISDAAD, HIV / AIDS, morele verval en veel meer. Die Kerk kan alleenlik hierdie probleme aanspreek sodra die Kerk in 'n herenigde front staan.

Ten slotte wil ek u aanmoedig met die woorde uit Filippense 1: 3-6 wat soos volg lees:

"Ek dank my God elke keer as ek aan julle dink. In al my gebede bid ek altyd met blydskap vir julle almal omdat julle van die eerste dag af tot nou toe saamgewerk het aan die verkondiging van die evangelie. Ek is veral ook daarvan oortuig dat God wat die goeie werk in julle begin het, dit enduit sal voer en dit sal voleindig op die dag wanneer Christus Jesus kom."

Ons in die Verenigende Gereformeerde Kerk, Streeksinode Kaapland wens u die Nederduitse Gereformeerde Kerk, Streeksinode Oos-Kaapland 'n geseënde en voorspoedige sitting toe. Die seën van die Here word u toegebied.

Umanyano ngamandla. "Eendrag maak mag."

H3 GROETEBODSKAP NAMENS DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK - DS LJ STRAUSS 20 OKTOBER 2003



GROETEBODSKAP
namens die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika
aan die negende Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk
in Oos-Kaapland



Geliefdes in ons Here Jesus Christus, die Een en Enigste Saligmaker en Verlosser!

U uitnodiging om hierdie groetebodskap te bring was vir die Hervormde Kerk 'n aangename verrassing. Ons dank u vir die geleentheid en vriendelike uitnodiging.

Ons twee Kerke werk reeds op verskeie terreine saam en die belangrikste saak is seer sekerlik die onlangse verskyning van die *Liedboek van die kerk*. Ons was verplig om op die gebied van teologiese opleiding nuwe werkswyses te volg. Baie onlangs het ons saam teenoor die owerhede in ons land getuienis gelewer. In Afrika (Zambië en Zimbabwe) werk ons nou saam.

Dit is so dat in die Oos-Kaap ons tot vandag verskillende paaie geloop het. Voortspruitend uit die Groot Trek van 1836-1838 het die een kerk van Jan van Riebeeck twee selfstandige en onafhanklike kerke geword. In 1842 het die kerk in die destydse Kaapkolonie die amptelike naam *Nederduitsch Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika* aanvaar en in die destydse Zuid-Afrikaanse Republiek het die kerk aldaar die naam *Nederduitsch Hervormd* aanvaar.

Sedertdien het 'n eeu en 'n half verbygegaan. 'n Kort tyd in die oë van die Ewige God, maar 'n lang tyd op aarde. In hierdie tyd het elke Kerk sy eie gebruike en tradisies ontwikkel en versterk. Onderling eer en respekteer ons mekaar as skape wat – soos Jesus dit in Johannes 10 stel – aan verskillende krale behoort, maar tog almal sy skape.

Dit weerhou ons egter nie van samewerking nie. Gedurende die loop van hierdie jaar het een van ons beroepafwagende vrouepredikante, ds Elmien Joubert wat op Middelburg Kp woonagtig was met haar gesin die pastorie van u gemeente op Noupoort betrek.

Die Oos-Kaap was nog nooit beroemd vir sy ekonomie nie en daarom sal samewerking tussen kerke gewoon op heel praktiese vlak vra dat ons mekaar se fondsinsamelingsprojekte wedersyds afkondig en ondersteun. Ons rig ook 'n vriendelike versoek dat – waar daar tans amper 'n terugtrek van die Groot Trek is – u so vriendelik sal wees om Hervormers van ander dele van die land wat na die Oos-Kaap kom die pad na die Hervormde kerktorings te wys. Ons gaan hulle nie afbreek nie en het sedert u u laaste gemeente gestig het, 3 gemeentes gestig. Ons bly dan ook by die erfenis van die ware Kerkhervorming en is nie *Nuwe Hervormers* nie.

Die nuwe diepseehawe-ontwikkeling bied 'n unieke geleentheid tot samewerking op die gebied van die sending aan seemane en die inskakeling van die persentasie lidmate wat van elders in die land by die aangrensende ontwikkeling betrokke gaan raak, by die betrokke gemeentes van hul eie kerke.

Die Hervormde Kerk is bewus van gewigte sake op u agenda. Ons wil u al die wysheid toebid wat u nodig gaan hê in die hantering daarvan. Ons amptelike besluite druk ook ons benadering uit dat u nie voorskrifte en kommentaar van buite u kring nodig het vir die hantering van huishoudelike sake nie. Ons bid u die leiding van die Gees en die wysheid uit die Woord toe.

Ons is saam in die Oos-Kaap en saam in Suid-Afrika, en Goddank ook saam oppad na die daardie blye dag met die onbekende datum wanneer Hy verseker weer kom om ons te kom haal.

Gebring deur ds LJ Strauss Skriba van die Ring van Port Elizabeth op 20 Oktober 2003.

H4 GROETEBOODSKAP NAMENS DIE CHURCH OF THE PROVINCE OF SOUTHERN AFRICA - BISHOP BETHLEHEM NOPECE (THE BISHOP OF PORT ELIZABETH) - 20 OKTOBER 2003

20 October 2003

The Moderator
Ned Geref Kerk in Oos-Kaapland
Posbus 34842
NEWTONPARK.
6055

Dear Friends in Christ,

GREETINGS TO YOUR SYNOD!

It is a great privilege for me to have to bring greetings to you from the Diocese of Port Elizabeth, which is part of the Church of the Province of Southern Africa. It is our prayer and wish that the Lord will bless you by His presence to guide you in all your deliberations. May the Holy Spirit remain with you always.

We are in a phase of history when the Christian Church is once more faced by many challenges. Some of these the South African Christian Leadership Assembly has identified, e.g. Poverty and Unemployment, HIV and Aids, Crime, Abuse, Racism, Sexism and Family in Crisis. Further to this we are faced by some Theological questions about morality. You may have seen in the media how the issue of same sex unions seeks to divide us. It will certainly do so if we as the Church of Christ we do not remain true to the Gospel of Christ. If the Bible says that homosexuality is sin, I do not see any reason why we should waste so much time on the issue when people live with empty stomachs at our doorsteps.

Sisters and brothers the time has come for us to unite in a more diligent way in prayer and action to build up the moral values of our land, and banish error for the extension of God's Kingdom among us.

With all our love and best wishes. Remain assured of our prayers during your Synod.

Yours in the love of Christ,

Bishop Bethlehem Nopece

H5 TEMAS: INTEGRASIE KERK EN KONTEKS

1. FAMILIES

- God wil hê dat sy kerk 'n familiekarakter moet hê, want Hy is Vader - God.
- God wil elke Pa in elke gesin van die kerk bemagtig om 'n Pa na sy hart en voorbeeld te wees.
- God se plan vir groei vir sy kerk is 'n effektiewe bediening.
- Verbondsherstel moet 'n werklikheid word as families/gesinne herleef.
- God wil ook enkelouer gesinne heelmaak, enkelpa's en -ma's bemagtig.
- Gepragmenteerde bediening moet saamloop in 'n gesinsbediening - God wil dit so hê - dis sy hart, droom ideaal vir sy kerk.
- Jeugbediening moet nie apart maar geïntegreerd wees.
- Jeug tot Jeug en Familie tot Familie is God se strategie.
- Huwelike moet verryk word volgens plan.
- Woordkern - Deut 4:9-10, 6:4-12, 11:19-22; 31:12-13
- Die hoof van die gesin moet God se Woord dra en leef in sy gesin (Hos 6, Ps 78, Matt 18:1-14)
- God wil kategese terugstuur uit klaskamer na die huis toe (kampe - eilandsituasie).
- Ervaringsleer is 'n kosbare medium (werkwyse) in hierdie bediening - families/Ma/Pa/pa-seun en ma-dogter
- kinders alleen
- Families verg gespesialiseerde pastorale sorg.
- "Growing kids God's way" - God se toerusting vir Pa en Ma.

2. OM IN 'N MISSIONÊRE KARAKTER IN TE GROEI (SENDEND, EVANGELISEREND)

Doel: Om die sendende karakter van die kerk se hele bestaan en funksionering (in Christus en deur die Heilige Gees) tot uiting te laat kom.

Benaderings: (Aspekte)

- * Mobilisering
- * Samewerking Gemeentes/ringe
 Kerke (ekumenies)
 Organisasies
- * Instrumente bv. EEIII
 Vennootskappe van
 missionele gemeentes
 Mobiliseringsorganisasies
 bv. Kingfisher
- * Opleiding: Korttermyn uitreikspanne
 Langtermyn
 Sendelingsorg

* Deel van bronne

3. BETROKKE BY DIE NOOD IN DIE

SAMELEWING AS 'N DAAGLIKSE LEEFWYSE

Die kerk moet weer eerstens vir GOD raaksien en tweedens die NOOD. Die nood (oes) is so groot en die arbeiders so min.

Ons sê dikwels: ONS MOET (DINGE DOEN)(wie?). Maar die vraag is WIE? Die kerk is nie genoeg gefokus by die NOOD van die samelewing om te DIEN as 'n LEEFWYSE nie.

Daar is onder andere twee paradigma-skuiwe nodig:

1. Daar moet sentrale BESTUUR in die gemeente wees. Indien dit die kerkraad is, is die paradigma-skuif nodig om werklik te fokus op die NOOD in die samelewing, nie net die BEDIENINGE van een in die gemeente nie. Dit is dus wel 'n bestuursprobleem.
2. Die paradigma oor die rol van die LERAAR en AMPTE. Omdat hy Woord-verkondiger is, is sy taak dikwels nie genoegsaam NOOD in die samelewing gefokus nie. Dit beïnvloed die gemeente se visie te sterk. Dit trek die amp van OUDERLING en DIAKEN dikwels ook in hierdie beperking in. Daar moet werklik 'n gedeelde visie op lidmaatsvlak wees om by die nood in die samelewing betrokke te wees.

Hierdie is 'n beginselperspektief om by die NOOD uit te kom. Die redes moet baie duidelik wees waarom die kerk nie genoegsaam by die NOOD in die Wêreld uitkom nie.

4. ONTWIKKELING EN OPRIGTING VAN GEMEENSKAPSENTRUMS IN PORT ELIZABETH VOORSTED (ONDER BEHOEFTIGES)

10. Vorm/skep forum vir gesprek met plaaslike regering en munisipaliteit.
11. Daar is reeds bestaande erwe deur munisipaliteit vir gemeenskapsentrums.
12. Lê basiese plan voor die veeldoelige sentrums.
13. Sentrums kan opgerig word met (a) regeringsfondse en/of (b) bydraes wat aftrekbaar is teen belasting.
14. Sentrums kan dien vir:
 - a. verskaffing van brood (bakkerij)
 - b. mediese dienste (kliniek) waaronder gesinsbeplanning/MIV/vigs
 - c. verblyf in nood
 - d. verkondig evangelie (multi)
 - e. rekreasie
 - f. motivering tot selfhelp
 - g. bemagtiging en opleiding
 - h. kinderversorging
 - i. konferensiegeriewe
 - j. kafeteria
 - k. pastorale-welsynsbasis

Hierdie saak geskied op kontinuerende basis.
Werk word verskaf (bouwerk en bakkery)
Voedsel word verskaf (brood en/of sop/stew)
Opheffing
Nooddiens (verblyf en medies)
'n Legio ander moontlikhede.

5. KLEINGROEPE - OMGEEGROEPE

Skep 'n "omgee kliniek" waar persone met behoeftes/wat by 'n groep wil inskakel, geplaas (verwys) kan word.

Skep ook groepe om mense met selfde behoeftes/omstandighede gegroepeer kan word.

Groepe moet gerig wees/visie hê na buite (uitreik-visie)

"Werksgroep Kundiges" vorm wat gemeentes/groepe kan help in die volledige "tipe" bediening.

Benut "Alpha"-kursus as basis/begin van kleingroepe. Netwerk kursus om gawes te benut en te ontwikkel in kleingroepe.

Benut groepe om mense wat nie meer kan uitbeweeg uit hul huise nie, te betrek en te versag!

Kyk na materiaal van BUVTON, NCD, Willow Creek, Moreletapark.

6. GEMEENSKAPSKERK

it is om vir 'n spesifieke geografiese gemeenskap, met sy verskeidenheid in demografiese samestelling, kerk van Jesus Christus te wees.

Om dit te realiseer, moet daar nuut en anders gedink word oor -

Gemeentegrense
Lidmaatskap
Liturgie
Spiritualiteit

sodat ons aanbidding en (nuwe) kennis van God kan uitbrei in ons uitreiking na die gemeenskap.

Die GAWES wat God vir die kerk in hierdie tyd gee moet ontdek en ontwikkel word en tesame met spesialisasie (beroepe, kundigheid) aangewend word in die gemeenskap.

Gesamentlike strategieë met ekumeniese kerke is uiters noodsaaklik. Ons sal verras wees om te sien hoe God gaan werk!

(Te kombineer met stigting van nuwe multi-taal en kulturele gemeentes/kerke)

7. NUWE LITURGIESE MUSIEK

1. Bronne(bestaande) deel - musiek, lirieke.
2. Toerusting van Musiekbedieningsgroepe.
3. CD met begeleidingsmusiek vir kleingroepe en nuwe musiek.
4. Konkordansie van Liedboek vir meer effektiewe gebruik van Liedboek in die liturgie.

8. GEBED

1. Krag van gebed gebruik.
2. Wil van die Here moet gesoek word.
3. Handel o.l.v. die Gees.
4. Gebedsondersteuning vir aksies.
5. Volgehoue gebed vir verandering.
6. Gebedskettings.
7. Gebedsdrieling tydens erediens.
8. Gebedskoördineerder in elke gemeente met leier.
9. Interkerklike gebedskoördineerder.
10. Kennis neem van gebeds-evangelisasie - Ed Silvano.
11. Hoeveel tyd in gebed bring predikant deur.

9. ONTWIKKELING EN OPRIGTING VAN GEMEENSKAPSENTRUMS IN PORT ELIZABETH VOORSTED (ONDER BEHOEFDIGES)

1. Vorm/skep forum vir gesprek met plaaslike regering en munisipaliteit.
2. Daar is reeds bestaande erwe deur munisipaliteit vir gemeenskapsentrums.
3. Lê basiese plan voor die veeldoelige sentrums.
4. Sentrums kan opgerig word met (a) regeringsfondse en/of (b) bydraes wat aftrekbaar is teen belasting.
5. Sentrums kan dien vir:
 - 5.1 verskaffing van brood (bakkery)
 - 5.2 mediese dienste (kliniek) waaronder gesinsbeplanning/MIV/vigs)
 - 5.3 verblyf in nood
 - 5.4 verkondig evangelie (multi)
 - 5.5 rekreasie
 - 5.6 motivering tot selfhelp
 - 5.7 bemagtiging en opleiding
 - 5.8 kinderversorging
 - 5.9 konferensiegeriewe
 - 5.10 kafeteria
 - 5.11 pastorale-welsynsbasis

Hierdie saak geskied op kontinuerende basis.

Werk word verskaf (bouwerk en bakkery)
Voedsel word verskaf (brood en/of sop/stew)
Opheffing
Nooddiens (verblyf en medies)
'n Legio ander moontlikhede.

Ons plaaslike regering "spog" soms oor die miljoene Rande wat hulle jaarliks bespaar op begroting!

I SAKEREGISTER

A

Aandsitting, 11, 195, 198, 199, 202, 208, 210
Aankondigings, 58, 199, 202, 204, 211, 212
Ad Hoc-kommissie, 21, 23-25, 35-38
Afgevaardigde, 1, 7, 11, 14, 31, 94, 189, 190, 193, 195
Afgevaardigdes, 1, 2, 5, 11-14, 18, 21, 24, 43, 103, 116, 120, 122, 154, 178, 183, 185, 192, 195, 196, 199, 202, 204, 208, 211, 219
Afkondigings, 13, 192, 195, 198
Afrikaans, 107
Aftrede, 112
Aftree, 29
Afvaardiging, 1, 12, 22, 28, 36, 38, 194, 196, 199, 200
Afwenteling, 23, 25, 34, 35, 49, 175, 183, 210
Afwesigheid, 1, 13, 192
Agtergeblewe gemeenskappe, 29
Aids, 219, 221
AJK, 62, 63, 105
AKDB, 46-48, 105
AKF, 92, 94, 105, 112, 200
AKG, 59, 80, 83
AKLAS, 105
Aktuariële Waardering, 112, 113
Aktuaris, 20, 37, 95, 96, 176, 177, 193
Algemene Jeugkommissie, 195
Algemene Kommissie Vir Fondse, 180, 200, 216
Algemene Kommissie Vir Gemeentebediening, 80, 83
Algemene Kommissie Vir Kerklike Media, 198
Algemene Regskommissie, 35
Algemene Sinodale Kommissie, 26, 30, 44, 45, 180, 216
Amendement, 204
Amendemente, 123
Amp, 54, 57-59, 86, 173, 222
Ampsbevoegdheid, 55, 56
Ampte, 56-58, 68, 72, 84, 86, 173, 202, 215, 222
Appel, 32, 104, 209
Arbeidsverhoudinge, 202
Argiefkommissie, 101, 115, 179, 183
Armoede, 46, 48, 70, 87, 105, 116, 154, 187, 219
Armoedeprobleem, 46
ASK, 30, 45, 59, 62, 99, 102, 104, 152-154, 209, 215
Assessor, 14, 20, 29, 123, 176-178, 193, 217, 219

B

Bedienaar van die Woord, 55
Begeleiding, 16, 18, 31, 34, 38, 41, 44, 48, 54, 57, 78, 149-152, 170, 180
Begrotingskommissie, 24, 27
Bejaardes, 49, 55, 57, 71
Belasting, 112, 222, 223
Belydenis, 11, 15, 54, 69, 80, 81, 85, 88, 117, 171, 172, 188, 195, 197, 200, 205, 206, 218
Belydenis van Belhar, 172, 197, 205, 206

Belydenisskrif, 171, 205
Belydenisskrifte, 37, 80, 86, 153, 172, 197, 206
Bepaling, 42, 55, 181, 201
Bepalinge, 21, 35, 95, 96, 181, 183, 194, 200
Beskrywingspunt, 37, 39, 40, 153, 170, 171, 183, 196, 197, 205
Beskrywingspunte, 114, 115, 120, 122, 183, 214
Besluite aan kerkrade, 13, 120, 123, 170, 192, 212
Bestuur, 15-18, 34, 40-42, 49, 55, 57, 58, 82, 95, 99-101, 105, 112, 122, 149, 170, 202, 222
Bevestiging, 55, 96, 200
Biddag, 12, 192
Brandpunte, 21, 64, 207
Buitengewone, 11, 13, 20, 21, 23, 25, 33-38, 40, 41, 43, 44, 76, 92, 93, 95, 96, 122, 172, 173, 181, 198, 206, 210, 216
Buite-gemeentelike, 25, 28, 170
Buvton, 41, 59, 99, 195, 196, 211, 223
Bybelgenootskap, 107, 108, 120, 122, 174, 179, 212
Bybelverspreiding, 93, 107, 212
Bybelvertaling, 107, 212

C

Christelike Lektuurfonds, 2, 40, 45, 179, 183, 213, 215, 216
CMR, 28, 32, 209
CRC, 53, 54
CUCC, 22, 29, 30, 209

D

Dagwyding, 11, 15-17, 195, 203, 207, 211
Databank, 25, 170
Diakonaat, 154
Diens van Barmhartigheid, 26, 28, 31, 34, 43-45, 49, 50, 58, 93, 120, 122, 177, 214
Diensooreenkomste, 27, 149
Diensverhoudinge, 29, 34, 149-151, 178, 202, 209
Direkteur Administrasie, 12-14, 20, 24, 25, 28, 29, 34, 40, 92, 94, 95, 123, 175, 177, 180, 192, 194
Doop, 77, 78, 85, 100, 115, 152, 218
Dooplidmate, 51, 57, 62, 152, 210
Dwelmmisbruik, 48

D

Eenheid, 16, 18, 22, 30, 37, 52, 68, 81, 84, 86, 87, 90, 91, 99, 101, 116-118, 122, 152-154, 157, 170-172, 188, 195-199, 205, 206, 210, 218
EGDN, 81
Eiendom, 31, 32, 38, 49, 50, 55, 112
Eiendomme, 38, 40, 93, 94, 173, 210
Ekklesiologie, 32, 43, 80, 83, 84, 120, 122, 174, 214

I SAKEREGISTER

Ekumene, 34, 80, 87, 89, 99, 102
Emeriti, 28, 42, 209, 211

F

Familie, 41, 43, 44, 52, 68, 98, 102-104, 122, 152, 153, 157, 171, 172, 187, 196, 197, 205, 206, 219, 222
Families, 188, 222
Fasilitering, 32, 41, 55, 149, 151, 209
Finansiële state, 27, 92, 114, 122, 131, 194

G

Gebed, 15, 18, 67, 74, 98, 171, 189, 196, 198, 199, 202, 205, 211, 213, 223
Geloofsbrief, 1, 8, 36, 183, 196, 200
Geloofsbriewe, 5, 183, 196, 205
Gemeentebediening, 19, 20, 30, 34, 39, 44, 51, 60, 80, 82, 83, 93, 120, 122, 149, 150, 155, 173, 174, 177, 189, 214, 215
Gemeentegrense, 48, 182, 201, 223
Gemeentes, 1, 5, 12, 17, 21-23, 25, 26, 28-34, 37-40, 42-49, 51-54, 56-59, 62-64, 66, 72, 73, 80-84, 87-89, 91, 92, 94, 101, 104, 105, 107, 108, 111, 114, 116, 122, 149, 151-154, 156, 170-175, 182, 183, 185, 187-189, 194, 195, 197, 198, 201-203, 206, 208, 209, 213, 214, 216, 220, 222, 223
Gesag, 52, 68, 70-72, 90, 183
Getuienis, 15, 17, 18, 20, 43, 53, 54, 61, 69, 81, 84, 86, 87, 89-91, 99, 100, 103, 116, 120, 122, 152-154, 156, 171, 173, 177, 188, 196, 205, 211, 214, 220
Gevangenes, 46, 47
Godsdiensbeleid, 62

H

Heidelbergse Kategismus, 34
Heilige Gees, 56, 66-68, 70, 81, 85, 117, 188, 222
Hemelvaartdag, 28
Hertoelating, 35, 210
HIV, 219, 221
Hugenote Kollege, 48, 63
Huisbesoek, 56, 57
Hulpskriba, 12, 123, 192, 193
In Memoriam, 34, 120, 122, 179, 216
Inkomstebelastingwet, 33, 105, 210
Internet, 37, 210

J

Jaarboek, 97
Jeugkommissie, 26, 195
JOT, 63

K

Kampterrein, 26, 40, 173
Kampterreine, 25, 26, 32, 34, 40, 93, 173, 194
Kantoorluiting, 28, 194
Kategese, 55, 56, 222
Kerkargief, 33, 210

I SAKEREGISTER

Kerkgeregip, 81
Kerkgeregode, 30, 39
Kerkgereenheid, 21, 153, 171, 195-197, 199, 203, 205, 219
Kerkgerehereniging, 171, 196, 197, 205, 206, 215
Kerkgereraad, 31-33, 36, 37, 42, 49, 56, 58, 59, 76, 81, 112, 149-151, 173, 174, 183, 184, 207, 208, 222
Kerkgerekrade, 3, 13, 23-25, 27, 31, 33, 34, 47, 53, 59, 63, 73, 80-82, 108, 111, 120, 123, 149, 152-155, 170, 172-174, 192, 198, 206, 212
Kerkgerevereniging, 152, 153
Kerkgere, 36, 37, 208
Kleingeregrop, 59, 199
Kleingeregropbediening, 58, 59, 215
Kleingeregroepe, 15, 16, 18, 21, 59, 82, 89, 198, 199, 223
Konstitueer, 1, 23, 183, 208
Konstituering, 11, 13, 15, 17, 18, 23, 189, 192, 208, 211
Konteks, 16, 17, 30, 39, 41, 54, 55, 72, 80, 81, 103, 123, 122, 123, 149, 157, 170, 183, 187, 188, 195, 198, 203, 204, 208, 213, 222
Konvent, 22, 30, 37, 44, 152, 170-172, 194-197, 199, 203, 205, 206, 210
Kuratorium, 179
Kweekskool, 33, 99, 102, 210

L

Legitimasie, 55, 153
Lidmaatskap, 111, 154, 182, 201, 223
Liedboek, 2, 118, 220, 223
Lig, 23, 25, 32, 33, 35, 38, 43, 47, 49, 51, 55, 68, 89, 101-103, 113, 116, 122, 153, 154, 172, 175, 183, 188, 199, 206, 207
Liturgie, 35, 36, 55, 78, 79, 188, 208, 223

M

MBTI, 74, 76, 149, 213
Media, 14, 21, 22, 91, 99, 102, 104, 154, 180, 193, 194, 198, 216, 221
Meerdere vergaderings, 21, 32, 42, 183
Mentorprogram, 41, 151, 213
Middagsitting, 11, 189, 193, 195, 198, 199, 204, 207, 210
Misdaad, 70, 219
MIV/Vigs, 46-48, 157, 222, 223
Moderator, 122, 122, 176, 177, 193, 195, 198, 221
Moderatuur, 11, 14, 15, 22, 34, 99, 102, 172, 176, 178, 199, 200, 204, 206, 207, 215, 217, 219
MTR Smit, 49

N

Nagmaal, 1, 15, 23, 39, 57, 58, 62, 77, 85, 187, 195, 210, 218
Navorsing, 16-18, 34, 38, 41, 52, 54, 62, 81, 82, 89, 99, 100, 112, 122, 149, 151, 155, 170, 174, 180, 183,

195, 198, 204, 213, 216
Netwerk, 101, 102, 150, 151, 204, 213, 223
NG Kerkgerefamilie, 100, 152, 153
Notule, 12, 13, 21, 37, 96, 123, 192, 193, 199, 210, 212, 216
Notulekommissie, 1, 13, 14, 22, 23
Nuwe Gemeente Ontwikkeling, 51, 53, 54, 149, 151, 215
Nuwe Testament, 72, 77, 80, 82, 84, 87

O

Oggendsitting, 11, 195, 196, 198, 199, 203, 211, 212, 217
OKBM, 49, 50
Openingsrede, 11, 23, 123, 192, 195, 218
Ou Testament, 68, 107

P

Pastor Pastorum, 41, 149-151, 213
Patmos, 8, 35-37, 110, 183, 191, 196, 199, 200, 203, 205, 207, 208, 210
Pensioenfonds, 18, 22, 27, 28, 42, 43, 94, 95, 111-113, 120, 122, 124, 180, 194, 200, 211, 212, 214, 216
Pensioenfondse, 112, 113
Personeel, 20, 27, 33, 35, 54, 92, 95, 97, 99, 100, 107, 111, 123, 193-195, 198-200, 202, 204, 210, 212, 217
Persoonlikheid, 56, 74, 76, 120, 122
Plaaslike Kerk, 37
Predikantebegeleiding, 149, 150
Proponent, 153
Proponente, 182, 184, 201, 215

R

Reformasie, 51, 57, 79, 80, 84-86, 90, 91, 172, 197, 206
Reglement, 22, 42, 102, 111, 153, 171, 182, 183, 197, 201, 205
Regskommissie, 12, 13, 16, 21, 25, 29, 35, 39, 42, 95, 103, 105, 115, 120, 122, 123, 170, 176, 177, 179, 181, 183, 192, 194, 196, 200-202, 204, 205, 207, 212, 216
Reiskoste, 1, 13, 31, 120, 123, 185, 193, 215
Ringskommissie, 39, 189
Roomsheid, 36

S

Sakelys, 1-3, 12, 21, 25, 37, 42, 119, 122, 123, 170, 173, 192, 213
Sakramente, 58, 77, 82, 85, 218
SARK, 105, 154
Simbole, 36, 40, 70, 76-79, 120, 122, 171, 173, 195, 197, 199, 203-205, 208, 209
Sinodale Dankoffers, 25, 92, 151, 170, 200
Sinodale Hulpfonds, 23, 25, 26, 93
Sinodale Kollekte, 38, 39, 183, 207, 210
Sinodale Kollektes, 183

I SAKEREGISTER

Sinodale Regskommissie, 21, 25, 29, 35, 39, 42,
95, 115, 120, 122, 170, 176,
177, 200, 201, 212, 216
Sinodale Sentrum, 29, 92, 93, 209
SKDV, 29, 183, 209
Skeidingspakkette, 35
Skoolverlaterskampe, 63
Skriba van die Ring, 123, 193, 220
Skriba van die Sinode, 13, 183
Skrif, 25, 49, 62, 68, 69, 71, 72, 78, 84, 85, 88,
102, 153, 189
Spiritualisme, 43, 66, 67, 71-73, 120, 122, 173,
210, 213
Spiritualiteit, 21, 40, 43, 54, 66-75, 120, 122, 173,
187, 210, 213, 223
Standplaasruiling, 150
Standplaasverwisseling, 41, 149, 151, 213
Streekskonvent, 44, 196, 199, 205, 215
Studentebearbeiding, 25, 194

T

Teologie, 16, 17, 43, 90, 120, 122, 154, 174
Traktement, 94
Trustees, 42, 95, 111, 112, 180, 216

U

Uitdiensstelling, 35, 210

V

VCSV, 179, 216
Verbondsgesinne, 63
Verenigende Gereformeerde Kerk, 29, 101, 219
Verlof vir Afwesigheid, 1, 13, 192
Versoeningsaksie, 29, 209
Versorgingskommissie, 150, 151
VGKSAa, 99, 101, 152, 153
Vigs, 46-48, 70, 87, 157, 187, 188, 222, 223
Visitatie, 150
Vrouebediening, 44, 64, 93, 177, 207
Vrouelidmate, 20, 39, 42, 44, 64, 120, 122, 207,
210, 213
Vrouewerksaamhede, 39, 183

W

Weduwees, 28, 209, 211
Werkloosheid, 46, 94, 157, 219
Werknemers, 27, 28
Woordbediening, 54-56